# Paasfees Gesins-Aktiwiteit

## Die verhaal van Paasfees

Het julle geweet dat Paasfees die eerste keer amper 4000 jaar gelede in Egipte gevier is? Dit was natuurlik toe die Israeliete, God se volk slawe van die Egiptenare was. 'n Slaaf is iemand wat aan iemand anders behoort en sonder betaling alles vir sy baas moes doen. Die Israeliete het baie swaar gekry in Egipte en hulle het gewens iemand sou hulle vry maak. God het hulle swaarkry gesien en vir Moses geroep om hulle uit Egipte en weg van slawerny te vat.

Onthou julle nog vir Moses? Dis hy wat in 'n biesiemandjie op die Nyl rivier tussen die riete weggesteek was. God het gesê hy moet na die Farao, die koning van Egipte, toe gaan en vra dat die Israeliete mag wegtrek. .

Die Farao wou natuurlik nie sy slawe sommer net laat gaan nie, want wie sou dan al die vuilwerk vir hom moes doen? Daarom het God tien plae oor die Egiptenare laat kom. Elke keer as 'n plaag die land getref het, het die Farao gesê die Israeliete kan maar trek, maar elke keer as die plaag verby was het die farao terruggegaan op sy woord.

Die tiende plaag was die ergste van al die plae. Die Here het vir Moses gesê Hy gaan al die oudste kinders in Egipte doodmaak, sodat die Farao definitief die Israeliete sou vrylaat om te trek.

Om te keer dat die doodsengel nie ook die oudste kinders van die Israeliete doodmaak nie, het die Here gesê al die Israeliete moet 'n lammetjie slag en dan die bloed van die lam teen hulle huise se deurkosyne smeer. Die lammetjies het gesterf en hulle bloed het gekeer dat nie een van die Israeliete doodgemaak is nie en dat almal uit Egipte kon trek. God het die lammetjies gebruik om al die Israeliete vry te laat wegkom. Om sy kinders te herinner aan hoe Hy hulle uit Egipte, die plek waar hulle slawe was, gered het moes hulle elke jaar Paasfees vier.

Baie jare later toe Jesus op aarde geleef het, het Hy en sy dissipels ook Paasfees gevier. Terwyl hulle geëet het, het Jesus brood en wyn gevat en vir sy dissipels gesê, die brood is soos sy liggaam en die wyn is soos sy bloed, as hulle dit eet moet hulle weet dat Hy wat Jesus is, nes die lammetjies in Egipte, doodgemaak gaan word.

Nie sodat hulle nie meer slawe van die Egiptenare hoef te wees nie, maar sodat hulle en ons nie meer slawe van sonde hoef te wees nie. So het Jesus die lam van God geword waardeur ons gered word van die dood en hel.

En dis hoekom ons Paasfees vier: om terug te dink aan die dag toe Jesus vir ons sonde aan die kruis gesterf het.

Die Donderdagnag wanneer Paasnaweek begin het die soldate Jesus gevang en die Vrydag het hulle Hom aan die kruis gespyker. Daar het Hy gehang totdat hy dood was en daarna het van sy vriende Hom begrawe.

Die Sondagoggend toe Maria egter by die graf kom, was sy liggaam nie meer daar nie omdat Hy uit die dood opgestaan het. Daarom vier ons die Vrydag van Paasnaweek Jesus se dood. Dat hy gesterf het om ons deur sy bloed te red. En die Sondag vier ons Jesus se opstanding uit die dood. Dat Hy lewe sodat ons die Ewige lewe kan hê!

Bid sommer vandag nog en sê vir Jesus dankie dat Hy op Paasnaweek bereid was om in jou plek te sterf en vra sommer ook jou Ma of Pa om Lukas 22-24 vir jou in die Bybel te lees. Of nog beter, as jy al kan lees, doen dit sommer self.

Die Joodse vader se plig was om die uittog uit Egipte aan sy kinders te verduidelik. Vandag is dit my as ouer se plig om my kind van die betekenis van Paasfees te vertel. Ek moet seker maak dat my kinders die verhaal en Persoon van Paasfees ken. Kinders is gaande oor stories en daarom glo ek dat die storie van Paasfees met ŉ bietjie kreatiwiteit en moeite ook ŉ storie in 2020 kan wees wat almal in die huis sal herontdek en onthou.

## Aktiwiteit

Gebruik die eier wat so eie aan ons moderne Paasfees is as ŉ simbool en hulpmiddel om die ou verhaal vars, kreatief en nuut met kinders te deel.

Plaas ŉ klein tafeltjie in die sitkamer. As jy ‘n hout kruis het, sit dit op die tafeltjie neer en plaas 12 plastiek eiers rondom dit.

Kom as gesin ooreen om vir 12 dae aan tafel te sit en te gesels oor Paasfees. Los die eet voor die TV ŉ bietjie vir later. Nadat julle klaar geëet het, kan julle een eier per aand vir die tien dae voor Goeie Vrydag oopmaak. Maak eier 11 op die aand van Goeie Vrydag oop.

Maak eier nommer 12 tydens Sondagmiddag ete oop. Vier fees saam met mekaar omdat die graf leeg is en Jesus uit die dood opgestaan het, julle kan selfs die vertrek mooi versier as julle sou wou.

Dink nuut en vars en vertel vir jou kinders hoekom Paastyd so anders as enige ander tyd in die geskiedenis van die wêreld is, was en sal bly wees.

## Instruksies:

Vir hierdie Paasfees aktiwiteit het jy 12 eiers wat kan oopmaak nodig. As jy nie eiers kan kry nie, kan jy ook boksies gebruik. Nommer die eiers of boksies van 1 tot 12. Skryf die onderstaande Skrifgedeeltes op stukkies papier en plaas dit in elke eier of boksie asook die bypassende voorwerpe. Om dit interaktief te maak kan jy ook die aktiwiteite uitskryf en in die eiers of boksies sit.

### **Eier 1**: Matteus 21:1-11

**Voorwerp**: ŉ Blaartjie wat die intog van Jesus in Jerusalem op die donkie simboliseer.

**Aktiwiteit**: Kry stukkies takkies uit die tuin, en waai dit rond terwyl julle ‘n paar lekker praise and worship liedjies sing.

### **Eier 2:** Matteus 26:26-30

**Voorwerp**: ŉ Stukkie brood of ronde koekie wat die laaste maaltyd wat Jesus saam met sy dissipels in die bovertrek gehad het in herinnering roep.

**Aktiwiteit**: Hou as gesin saam nagmaal.

### **Eier 3**: Johannes 13:1-17

**Voorwerp**: ŉ Stukkie seep wat die geleentheid waar Jesus die dissipels se voete gewas het simboliseer .

**Aktiwiteit**: Was mekaar se voete, en sê vir die een wie se voete jy was iets mooi.

## **Eier 4**: Johannes 13:18-30

**Voorwerp**: Drie tiensentstukke wat die 30 stukke silwer verteenwoordig wat Judas vir sy verraad van Jesus ontvang het.

**Aktiwiteit**: Vertel vir mekaar hoe julle Jesus vandag nog verloën.

## **Eier 5**: Johannes 18:15-27

**Voorwerp**: ’n Veer wat ons aan die haan laat dink wat gekraai het nadat Petrus Jesus verraai het.

**Aktiwiteit**: Praat oor manier wat julle kan gebruik om julle te herinner om Jesus NIE te verraai nie.

## **Eier 6**: Markus 15:16-20

**Voorwerp**:  ’n Doring wat die kroon wat Jesus moes dra simboliseer.

**Aktiwiteit**: Vleg ‘n kroon uit takkies en steek skerp goed daarin om die doringkroon voor te stel. Sit dit saam met julle ander goed op die tafel neer.

## **Eier 7:** Markus 15:21-24

**Voorwerp**: ’n Dobbelsteen wat vertel van die lot wat die soldate oor Jesus se klere gewerp het.

**Aktiwiteit**: Elkeen moet iets wat vir julle kosbaar is op die tafel neersit. Die gesin gooi dan die dobbelsteentjie om dit ‘uit te loot’. Gesels oor hoe dit jou laat voel dat iemand anders nou jou kosbare besitting het.

(Gee dit na die tyd weer terug, maar niemand moet dit voor die tyd weet nie, almal moet dink dat hulle dit nie gaan terugkry nie.)

## **Eier 8**: Markus 15:21-32

**Voorwerp**: ’n Klein houtkruis en spyker om die dood van Jesus aan die kruis te simboliseer.

**Aktiwiteit**: Deel ‘n paar spykers uit en laat elkeen van die gesin daaraan vat en dit in julle hande druk om te voel hoe skerp dit is. Gesels dan as gesin oor hoe swaar julle dink Jesus moes gehad het, en hoe voel julle daaroor dat Hy dit vir elkeen van julle gedoen het.

## **Eier 9**: Markus 15:33-41

**Voorwerp**: ‘n Stukkie swart papier wat die duisternis voorstel wat oor die aarde gekom het toe Jesus Sy laaste asem uitgeblaas het.

**Aktiwiteit**: Sit AL die ligte in die huis af, en gesels oor hoe Jesus se dissipels moes gevoel het toe Jesus Sy laaste asem uitgeblaas het.

## **Eier 10**: Markus 15:42-47

**Voorwerp**: 'n Stukkie wit lap wat ons herinner aan die lappe waarmee Josef van Arimatea Jesus se liggaam toegedraai het.

**Aktiwiteit**: Vat 'n rol toiletpapier en draai die kleinste lid van die gesin daarmee toe, soos wat Jesus se liggaam toegedraai sou gewees het.

## **Eier 11**: Matteus 17:62-66

**Voowerp**: 'n Stukkie klip wat die klip waarmee Jesus se graf verseël was simboliseer.

**Aktiwiteit**: Vat 'n boks en sit 'n papier waarop julle skryf "Jesus het opgestaan" binne in. Vat sellotape en maak die boks GOED toe.

## **Eier 12**: Matteus 28:1-15

**Voorwerp**: Los hierdie eier leeg om Jesus se opstanding uit die dood en die leë graf te simboliseer.

**Aktiwiteit:** Vat die boks wat julle gister toegeplak het, en maak dit saam as gesin oop. Gee vir elke gesinslid 'n ballon. Blaas dit op en skryf "Jesus het opgestaan" daarop. Kyk wat gebeur as julle dit buite loslaat.

Hierdie aktiwiteit is aangepas van 'n artikel op die volgende webtuiste:

http://www.ngkmp.co.za/paasfees/